# FONTEINTJIESBERG 2025

| **ROETE:** | Stap na Thomas hut | **DATUM:** | 18 - 19 Oktober 2025 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Ons is 8 stappers wat die stap meemaak. Ons vertrek in 2 motors. 1 groep moet eers aangaan Worcester toe om die sleutel van die hut op te tel. Soos Murphy dit wil hê is die dame laat en ons moet maar rustig verkeer en geduldig wag. Gelukkig is daar geen admin om af te handel en ons kon na 9:00 in die pad val en begin stap. Ons het reggemaak vir koue, maar die weer was ongelooflik lekker en ons groep van 8 dames klets en stap en geniet die pragtige uitsigte. Teen 14:30 kom ons by die hut aan. Daar is 'n groep mense vd bergklub wat reeds die vorige dag gearriveer het. Ons sit rond, drink iets en van ons stappers stap af na die waterpoel en maak voete en bene nat. Ons deel stories met die ander stappers en party skrop en maak kos. Die volgende oggend is die bergklub lede vroeg op en ons besluit om ook maar op te staan en begin met ontbyt. Ons wens die groep wat die Traverse gaan doen 'n lekker stap toe en begin regmaak om self terug te stap. Die weer tel weer eens in ons guns. Ons stap teen 'n lekker spoed af en geniet n laaste ruskans by 'n waterpoel voordat ons by die motors aankom. Dit was 'n heerlike 2-dag stap en ons is baie dankbaar dat ons die hut met die bergklub stappers kon deel. Dankie vir Brenda wat gehelp het met die naweek se reëlings en seker gemaak het die sleutel van die hut is veilig terugbesorg in Worcester.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 071/2025 | 14 | 1169 | |
| Belinda Miller | 191/2025 | 14 | 1169 | |
| Elsie Swart | 061/2025 | 14 | 1169 | |
| Elza Geldenhuys | 115/2025 | 14 | 1169 | |
| Gerna Hough | 131/2025 | 14 | 1169 | |
| Ulla Esterhuizen | 114/2025 | 14 | 1169 | |
| Leonie | Besoeker | 14 | 1169 | |
| Elsabe Botha | Besoeker | 14 | 1169 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **112** | **9352** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Brenda Sideratos |
|---|---|